Huis Uitvlucht

- ‘n Program van Badisa, NPO 011-891
- Jaarverslag
- 1 April 2019 tot 31 Maart 2020
- Adres: Piet Retiefstraat/ Posbus 14
  Montagu, 6720
- epos: bestuurder@uitvlucht.org
- Facebook: Huis Uitvlucht
- Webblad: myplek.org.za/huisuitvlucht

Boodskap Voorsitter van die Beheerraad

As ‘n tehuis vir die versorging van ouer persone is dit ons strewe om met beskikbare hulpbronne ‘n veilige tuiste vir ons inwoners te skep.

Te midde van verandering in ons Beheerraad en sekere lede van ons senior personeel gedurende die jaar, en die invloed van die Covid-19 pandemie op die laaste gedeelte van die oorsigperiode, kan ons terugkyk op ‘n suksesvolle finansiële jaar. Ons sê dit met ‘n spesiale woord van dank aan die volgende:

- Ons Hemelse Vader vir sy leiding en beskerming, en dat ons weet dat ons inwoners wat hierdie lewe verlaat het, in Sy veilige Hande is
- Dankie vir u as inwoners vir jul bydrae tot die welsyn van almal in Huis Uitvlucht, te midde van al die uitdagings van oudword en van buite. U as families kan gerus wees dat u geliefde in baie goeie hande is, en dat ons hulle welsyn altyd eerste stel
- Badisa, veral met verwysing na pro-aktiewe riglyne en leiding betreffende die beskerming van ons inwoners teen die bedreiging van die pandemie
- Al ons vrywilligers, insluitend die lede van die Beheerraad, vir doen en afhandeling van noodsaaklike aksies en ander insette
- Ons personeel, die hartklop van die tehuis, vir vriendelike en opofferende diens veral tydens die inperkingsperiode. Dankie ook dat julle altyd leerbaar bly
- Feedem vir die verskaffing van hoë gehalte, koste effektiewe diens
- Vir al ons borge en donateurs vir hulle bydraes
- Laaste maar beslis nie die minste nie, ons gemeenskap in Montagu, vir positiewe bydrae en ondersteuning tydens ons projekte. Sonder julle hulp, bydrae en omgee kan ons nie suksesvol wees nie

Beheerraad:

Vrywilligers wat genomineer word en aanstellingsbriewe van Badisa onderteken.

- Ds C van Rensburg – voorsitter tot November 2019 , 0828802161
- Ds H la Grange – voorsitter vanaf Desember 2019, 0731457269
- Mnr AJG van den Bergh – voorsitter Finansies, 0714708035
- Mnr JHJ Brits – Finansiële komitee, 023 6141940
- Mev C du Preez – Keurkomitee, 023 6142132
- Me R Rossouw – Personeelkomitee, 0718197338
- Mev A Metelerkamp – Personeelkomitee, 0729584565
- Mev R Jass – verteenwoordiger van inwoners, 0726042402
- Me A Mtsamayi- gemeenskap verteenwoordiger, 0788114018
- Mev G Conradie- Personeelkomitee
- Mnr F de Wet – Eiendomkomitee, 0825508764
- Mnr H Tredoux – Eiendomkomitee, 0829233629
- Mev A Museler – fondsinsameling en keurkomitee, 0827137309

Vrywilligers

66 Persone uit die gemeenskap betrokke by:

- Bussies bestuur
- Biblioteekboeketrollie
- Bybelstudie/biduur
- Breigroep
- Berading
- Begrafnistee
- Drafstapbestuur
- Etes uitry
- Fondswerwingkomitee
- Beheerraad
- Gim trim
- Gratis haarsalon
- Midweek
- Sing along
- Koekies/beskuit bak
- Trollie winkel
- Oefeninge/speletjies
- Vertaling
- Potjiekos fondsinsameling
- Ouderlinge- en diakens besoeke

Skenkings

Langeberg en Ashton Canning, RAM en donateurs

Inwoners

- Die tehuis is geregistreer vir 81 ouer persone waarvan 74 % verswakte bejaardes is.
- 50 % van die inwoners ontvang slegs ‘n Sassa pensioen.
- Subsidie word verkry vanaf die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, vir diegene wat ‘n verswakte bejaarde is (Groep III) en slegs die Sassa inkomste kry.
- Weekliks word aktiwiteite vir inwoners aangebied.
- Die huiskomitee, wat deur die inwoners verkies word, verrig seker take in die tehuis.
- In onafhanklike huisvestingseenhede is daar 23 inwoners. Hulle ontvang een ete per dag, ‘n wasgoed- en skoonmaakdiens.
- Ons neem graag die inwoners op uitstappies en weekliks vir inkopies met ons bussies.
- Temadae word gehou en elke Vrydag word inwoners bederf met ‘n versnapering saam met tee.
- Ons Granny projek, wat deur donateurs geskep en onderhou word gee weekliks toiletware aan inwoners en sorg ook dat inwoners wat nie by die trollie/winkel kan koop nie, weekliks ‘n vrug en ‘n lekkerny kry.
- Organisasies soos die VLV, Abigail damesgroep en individue dra by tot die granny projek.

Kieriekoor en aktiwiteite

Temadae, besoekers en aktiwiteite

WEAAD: “World Elder Abuse Awareness Day” is op 15 Junie deur Ouer Persone in die Langeberg streek gehou.

Emile Minnie se gratis optrede by tehuis.

Lentedag uitstappie na Leon’s Bistro en uitstappie na La Luna se pragtige tuin.

Drafstapklub:

Lede vanuit die tehuis en die dorp, met hulle eie bestuur

- Ons hou een maal per maand ‘n byeenkoms en een maal per maand ‘n uitstappie
- Jaarliks bied ons ‘n seniorweek in Oktober aan, met ‘n speletjiedag vir ander klubs
- Sommige jare toer ons
- Ons hou fondsinsameling
- Skole besoek ons en organisasies soos byvoorbeeld die Insitituut vir Blindes
- Ons hou jaarliks vrugtefees en kersete
- ‘n Speletjiespan neem deel aan dae aangebied deur ander klubs

Speletjiedag te Kenridge Kerksaal

Drafstafstapklub:

- Koo Laerskool kinders besoek ons
- Kersete
- Besoek aan Taalmonument

Ons reik uit

- Uitry-etes op weeksdae vir seniors
- Die Pakamani creche te Ashton kry Vrydae sop
- Ons bied respite-sorg aan, waar seniors vir 4 – 6 weke na ‘n operasie kan aansterk
- Ons gee elke Donderdag sop en brood vir die PGS kliniek se TB pasiente. Dit word geborg word deur die Nieuwe Horizon Stichting
- Op Mandeladag 2019 het ons pannekoek gebak en uitgedeel aan dokters, klinieke, hospitaalpersoneel en aan almal wat uitreik na die tehuis
- Die Drafstapklub het uitgereik na Sutherland se Johenco tehuis in Oktober 2019 deur pakkies vir elke inwoner te neem sowel as lewensmiddele. Die tehuis het ook beddegoed en klere aan hulle gestuur
- As deel van die Langeberg Ouer Persone Forum reik ons uit na dienssentrums en tehuise in die Langeberg streek

Ons neem deel aan wêreldrugby-koors

Pannekoek word gebak op Mandeladag

Personeel

- Bestuuder, admin en tuinman
- Geregistreerde Verpleegkundige
- Stafverpleegster en 3 assistent verpleegsters
- 26 saalhulpe
- 16 personeel van Feedem wat ‘n Voedseldiensbestuurder insluit. Die kombuis, skoonmaak- en wasgoeddiens is uitgekontrakteer aan Feedem
- Ons is trots op ons goed opgeleide, gelukkige personeel, wat ‘n kwaliteit diens lewer, met deernis vir ons inwoners

Personeel spanbou Februarie 2020

Loslitdag

Fondsinsameling vanaf 1 April 2019 tot 31 Maart 2020

- Herfsoggend in Jean Alston se tuin, met ‘n modeparade en elke vrou het iets gebring vir ons Granny Projek
- Potjiekos deur Montagu Wes en oom Vos gereël
- Gholfdag
- Sekretaresse ontbyt
- Bazaar
- Valentynsaand saam met Dr Etienne Kok

Finansies : 2019 - 2020

Inkomste as % van totale inkomste

- Losiesgeld 71,5%
- Donasies 1,5%
- Spesiale program 1,5%
- Fondsinsameling, rente 4%
- Subsidie 21,5%

Uitgawes as % van totale uitgawes.

- Salarisse 60%
- Vervoer 0,6%
- Kantoor 3.4%
- Geboue, munisipaliteit 15%
- Huishoudelik 19%
- Spesiale dienste 1,5%
- Waardevermindering 0,5%

Subsidie het met 2,5% verminder en losies het met 2,5% toegeneem, terwyl salarisse met 0,5% vermeerder het en munisipale uitgawes met 0.5% verminder het. Die jaar is afgesluit met ‘n klein verlies.

Saamgestel deur Anrie Uys,
Bestuurder Huis Uitvlucht